

APIESRIVIER LANDELIKE

BrandBeskermingsVereniging

-Uit die Gemeenskap, vir die Gemeenskap-



NOTULE – ALGEMENE JAARVERGADERING

Datum: 25 Mei 2019
Tyd: 14:00

Gehou te: Brits Lapa, Bultfontein pad 27,
Vastfontein

1. Opening en Verwelkoming:

Die Voorsitter, Peet Dorfling heet almal welkom en open met skriflesing en gebed.

Hy stipuleer 'n paar reëlins vir die vergadering:

- Elke persoon wat 'n spreekbeurt ontvang moet sy naam en van gee vir notulerings doeleindes;
- Hou u spreekbeurt kort en kragtig en hou by die punt van bespreking;
- Hierdie is 'n lede vergadering van die Apiesrivier Brandvereniging en slegs opbetaalde lede sal stemreg ontvang tydens die vergadering;
- Geen persoonlike kwessies sal tydens die vergadering hanteer word nie;
- Die vergadering word op band opgeneem en u word versoek om hard en duidelik te praat tydens u spreekbeurt;
- Maak seker dat u die presensielys geteken het.

2. Teenwoordig:

Peet Dorfling
Jan-Piet & Tarien Cooks
Jaco Brits
Wayne Alberts
Dirk Bezuidenhout
David Blyth
Blackey Botes
Hendrik Brenkman
Ernst Snyman
Corne Gough
Livio Heath
Elna Brits
Nico Brits
Jaco de Klerk
Gert de Koker
John Doubell
Hans Engelbrecht
Marius Hugo
Chris Solomon

Eugene J v Rensburg
Marlize Lategan
Dawn Marx
Pieter Oosthuizen
Murra-Louw Phatudi
Conrad Pienaar
Willem Potgieter
Chris Schutte
Gaven Smith
Paul Stigter
Conna & Jeannette Dreyer
Patrick & Colleen Gerber
Andre & Joey Gerber
Andriette & Willie Jacobs
Ralph Morris verteenwoordig Magda van Wyngaardt
Clive Walters
Collin Wright
Henry v/d Walt
JP Botha

3

Verskonings:

ALBBV ALGEMENE JAAR VERGADERING 25 MEI 2019

1/...

P Govender (Tshwane)	Ernest Muller
Debbie Smit (B2)	Chris Breedt
Corne Theron	Nita Kemp
Detlef Jütersonke	Christelle Fourie
Jubi Murchie	Daan & Annette Diedericks
Susan Esterhuysen (O108)	Pieter de Beer
Pieter & Daleen Goosen	Karen Kramer
Arno Stadler	Louis Lourens

3. Lief en Leed:

Geboortes:

- i. Chris Keyter (D36VK) – Seuntjie
- ii. Wille v/d Walt gesin (O41VK) – Kleinkind
- iii. Willie & Andriette Jacobs (A3 & B3) – Kleindogter & kleinseun gebore
- iv. Karen Kramer - Kleinkind

Leed:

- i. O16VK – skouer beserings operasie
- ii. O79VK - Hospitaal
- iii. D21VK - Hospitaal
- iv. Chris Botha (O16) - Hospitaal
- v. Christo Britz – Moeder in hospitaal
- vi. Corne Gough - Ongesteld
- vii. Chris Breedt (B1) – Operasie gehad
- viii. Mandy Beukes – Beseer in veldbrand in Bultfontein
- ix. Buurseun van Beukes – opgeneem in hospitaal a.g.v. uitputting in veldbrand in Bultfontein
- x. Annelise Brits – operasie
- xi. Jaco Brits – ongesteld gewees
- xii. JJ van Wyk – Gebrand tydens veldbrand
- xiii. Chris Schutte – Oog operasie
- xiv. Peet Dorfling – skouer besering en operasie
- xv. Edith Oosthuizen (D3) – been besering
- xvi. Babs Botha – Heup gebreek
- xvii. Pieter de Beer – Beseer tydens leeu aanval
- xviii. Dina-Mari de Beer – Steeds in hospitaal onder behandeling na leeu aanval

Peet dra 'n boodskap oor vanaf Pieter de Beer om dankie te sê vir almal se voorbedding vir hulle en hulle dogtertjie, dit word waardeer. Peet vra dat ons voortgaan met die voorbedding vir die gesin. Daar is al 'n mate van beterskap.

Sterftes:

- i. Henry van Wyk – Gebrand tydens veldbrand en is toe oorlede
- ii. Lucas Swart – In 'n ongeluk oorlede, baie bekend in gemeenskap
- iii. Prof Schalk Botha (O25) – Baie jare in gemeenskap gewoon en het ook op bestuur gedien
- iv. Dian Botha – oorlede in werks ongeluk
- v. Daleen Beetge – ook etlike jare woonagtig in gemeenskap
- vi. Louisiana Swanepoel/MacDonald – O50 se dogter, oorlede in motorongeluk
- vii. Harry Fourie (O55) – ook oorlede, siekte
- viii. Christa Swanepoel – Jan Swanepoel se vrou. Ou O19 wat baie jare ook betrokke was in die gemeenskap en wat die afgelope paar jaar deur hom versorg is
- ix. Marlett Entres – In plaasaanval doodgeskiet
- x. Frans Booyen – In plaasaanval op Bultfontein doodgeskiet

Peet sê dat soos daar gehoor kan word is daar meer leed as lief. Daar word gevra dat voorbedding gedoen word vir almal. Moet nie vergeet van die persone wat dierbares moes afstaan aan die dood nie. Gee ondersteuning waar dit nodig is. 'n Oomblik van stilte word gehandhaaf en Peet doen 'n gebed.

Peet noem dat die huidige onder voorsitter, Louis Lourens, die area gaan verlaat en wens hom voorspoed en sterkte toe vir die toekoms.

David Blyth verhuis na Engeland. Hy word bedank vir sy bydraes en waardevolle insette tot die gemeenskap vir die afgelope 39 jaar.

4. Goedkeuring van Notule van 19 Mei 2018:

Die notule van 19 Mei 2018 word aanvaar as gelees te wees aangesien dit elektronies aan alle lede versend was op 30 April 2019. Peet vra of daar enige op- of aanmerkings is t.o.v. die korrektheid van die notule. Daar is geen veranderinge aan die notule nie.

Voorstel vir aanvaarding van Notule: Colleen Gerber Gesekondeer deur: Johny Doubell

5. Vasstelling van Agenda:

Die agenda word vasgestel.
As punt 7.6 word Sinoville BBV gevoeg.

6. Staande Portefeuljees:

Voorsittersverslag (2018/2019):

Peet Dorfling gee 'n oorsig van die geskiedenis:

Die naam is: Apiesrivier Landelike Brandbeskermings Vereniging;
Gestig op: 18 Junie 2005;
Datum van registrasie: 27 Maart 2006;
Reg no: 1743/01
Grootte van Gebied: 68 000 hektaar;

GRENSE:

Noordelike grens: Net voor Hammanskraal en Boekenhoutskloof grondpad
Suidelike grens: Bo-op die Magaliesberg
Oostelike grens: N1 snelweg en Wallmansthal grondpad tot en met kruising met Boekenhoutskloofpad
Westelike grens: Mabopane snelweg R80

Daar is staats- en semi staatsgronde in die area: Departement Onderwys, TUT, SA Nasionale Weermag, Stad van Tshwane, Transnet, Bakwena en die Universiteit van Pretoria.

BESTUUR:

Uitvoerende Komitee is tans:

Voorsitter	Peet Dorfling	(Alpha 1);
Onder Voorsitter	Louis Lourens	(Alpha 2);
Sekretaresse	Andriette Jacobs	(Alpha 3);
Tesourier	Joey Gerber	(Alpha 4);
Addisionele Lid	Jaco Brits	(Alpha 5);

Die Brandbeskermingsoffisier (BBO/FPO) vanaf die owerheid se kant is tans onbekend.

Vorige brandbeskermingsoffisier is weg en daar is niemand toegeken aan ons Vereniging op hierdie stadium nie. 'n Uitnodiging was aan hulle gerig om die vergadering by te woon.

BREË BESTUUR:

Brandhoof	(Bravo 1)	Chris Breedt
Noodhulphoof	(Bravo 2)	Debbie Smit
Logistiekehoof	(Bravo 3)	Willy Jacobs
Kommunikasiehoof	(Bravo 4)	Henry van der Walt
Gekoöpteer Jeug	(Bravo 5)	Xandré Jacobs
Sosiale aangeleenthede	(Bravo 6)	Dawn Marx
Administrasie & Koördinerings	(Charlie 1)	Tarien Cooks
	(Charlie 2)	Vakant

TOERUSTING:

ALBBV ALGEMENE JAAR VERGADERING 25 MEI 2019

3/...

Die Stad Tshwane se bydrae is tans 1x 1000l en 2x 500l waterkarretjies.

HOOGTEPUNTE:

Toerusting is deur die gebied versprei op grond van die digtheid van elke area. Gereedheid, bewustheid, samewerking van lede en die gemeenskap rondom veldbrande is goed en het toegeneem. Brandbestryding en koördinerende verbeter steeds d.m.v. meer persone wat beskikbaar is vir bemanning van die noodfoon en persone wat brande rapporteer.

Daar is wykshoofde aangewys in die verskillende wyke om koördinerende te vergemaklik en te verbeter. Daar is meeste van die tyd goeie kommunikasie met Tshwane Brandweerdienste.

Lede sowel as nie-lede word op 'n gereelde grondslag in kennis gestel van die BGI. Brandpermitte is met sukses uitgereik dus is daar meer beheer oor brande.

Daar bestaan 'n samewerkings ooreenkoms met Sinoville Brandbestrydings Vereniging om mekaar by te staan tydens brande en het ons dus outomaties meer toerusting tot ons beskikking.

UITDAGINGS:

Daar is nog gemeenskapslede wat traag is om brandgereed te wees, soos om brandstrokke voor te berei of brandpermitte aan te vra.

Van die gemeenskap lede verwag van die Brandvereniging om brande te blus.

Gemeenskap bewusmaking rondom veld brande gaan stadig, dit kan verbeter.

Reaksie tyd (lang wagtyd) vir diens en toerusting vanaf Stad Tshwane aangesien dit beperk is. Dit is dus beter as ons onself toerus.

Toerusting wat deur Tshwane afgeskryf word, word nie vervang nie. Indien toerusting dus afgeskryf word is dit weg uit die area. Diens van toerusting neem ook baie lank by Stad Tshwane.

'n Groot leemte wat ons ook ondervind is die wetstoepassing deur Metro Polisie, SAPD en Brandweer.

Indien dit in plek kan kom, sal ons baie minder probleme ondervind. Selfs indien hulle net waarskuwings kan uitreik aan die oortreders van die wet, sal dit baie help.

Groter bewusmaking moet gedoen word rondom veldbrande. Daar is ook geen ongevalle- of regsdekking vir lede nie.

LEDETAL:

Ledetal vir die afgelope 4 (vier) jaar:

2015 164

2016 213

2017 183

2018 276

Daar was dus 'n toename in die ledetal en ons is baie dankbaar daarvoor.

6.2 Finansies:

Peet Dorfling stel die Tesourier, Joey Gerber (A4VK) aan die woord.

6.2.1 Goedkeuring van ^{1*}Finansiële State^{1*} van 2018/2019

^{1*} Wat is 'n Finansiële staat?

'n **Finansiële staat** word gebruik om die finansiële stand sowel as die finansiële prestasie van 'n entiteit te openbaar. Finansiële state word tipies jaarliks deur besighede opgestel en bestaan normaalweg uit 'n reeks aparte state tesame met die notas daartoe.^{1*}

Die Tesourier, Joey Gerber, gee 'n uiteensetting en ontleding van die Inkomstes en uitgawes vir die boekjaar (voor oudit) deur aan die lede.

Inkomste: Uitgawes:
R112 495-50 R92 716-42

'n Bespreking oor die uitgawes volg:

ALBBV ALGEMENE JAAR VERGADERING 25 MEI 2019

4/...

Romeo 2 se uitgawes vir herstel en onderhoud is redelik hoog.

Brandwaentjies word op gereelde grondslag gediens.

'n Tweerigtingradio is ook aangekoop vir R2.

Beskermd klerie is aangekoop vir die persone wat gereeld uitgaan na brande. (3 laag brandpak en 2 oorpakke wat vuur en suur bestand is)

Die tesourier vra of daar enige vrae is?

Pieter Oosthuizen vra wat R2 se uitgawe in totaal beloop:

Joey antwoord R16 500 maar dit sluit nie die versekering in nie.

JP Botha, van die firma Botha Rekenmeesters, word aan die woord gestel om die Ouditverslag en geouditeerde state aan die lede deur te gee:

Daar is 'n deeglike oudit gedoen deur Mev. Barnard van sy kantoor. Joey kon op elke navraag suksesvol verslag gee en verantwoording doen. Hy noem dat die Vereniging se boekhoudstelsel en administrasie is een van die bestes op hierdie stadium. Hy kan die versekering gee dat die finansies verantwoordelik hanteer word.

Daar is reeds, so 2-3 jaar terug, 'n besluit geneem en 'n Trust gestig en die bates is oorgedra na die Trust. Die bates behoort dus nie meer aan die Vereniging nie maar aan die Trust.

Die rede vir hierdie besluit was dat aangesien die Brandvereniging 'n hoë risiko bedryf is, en indien die Vereniging gedagvaar en skuldig bevind sou word, beslag gelê kon word op alle bates, sodat dit gerealiseer kan word om vir die skade te betaal.

Hy noem ook dat daar deur die bestuur goedgevind is om die Trust te registreer vir 'n Artikel 18(a). Daar is sekere kriteria waaraan voldoen moet word. Die webwerf is nodig sodat SARS kan sien dat alles wettig gedoen word. Hy vra dat die lede die webwerf besoek sodat die webwerf as aktief gesien kan word. Registrasie van die Artikel 18(a) kan tot twee jaar neem.

Daar is dus 2 stelle state – die van die Vereniging en die van die Trust.

Vereniging se finansiëlestate:

Daar is vier aantekeninge aangebring in die verslag vir die lede se aandag:

1. Standaard insetsel wat sê dat hulle nie kan bevestig dat alle donasies wat inbetaal is, korrek geallokeer is nie. Hulle het dus waar hulle nie donasies kon verifieer aanvaar dat dit korrek was.
2. Daar was 'n versoek vanaf die lede van die BBV om 'n nuwe bestuur te verkies. Daar was 'n vergadering belê, maar geen nuwe bestuur is gekies nie. Op navraag deur die ouditeure aan die bestuur is daar genoem dat gepoog was om 'n vergadering te hou, maar die vergadering het egter in chaos ontaard in so 'n mate, dat daar nie 'n nuwe bestuur verkies kon word nie.
3. Die derde aantekening is die uitstaande Notule van die vergadering in item 2. Daar is aangedui dat aangesien genoemde vergadering in totale chaos ontaard het, geen verstaanbare Notule van die vergadering opgestel kon word nie.
4. Fondsinsamelingsprojek: Die projek was nie vooraf goedgekeur deur die bestuur nie. Die projek toon wel 'n wins. Daar moet egter ten alle tye deursigtigheid wees.

JP Botha bevestig dat die state 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die Vereniging. Hy bespreek die Inkomste en Uitgawestate:

Die Inkomste en Uitgawe state is eintlik die geskiedenis van die Vereniging en toon ook die vorige jaar (2017/2018) se syfers in ooreenstemming met die afgelope boek jaar (2018/19) se syfers aan.

2017/18 se Inkomste was R86 000 teenoor 2018/19 se R139 000.

Die Inkomste en Uitgawes vir die afgelope twee jaar word ook elk apart gelys.

Hy noem dat dit op papier eintlik "sleg" lyk want dit reflekteer 'n verlies vir die Vereniging van R60 000 vir die vorige jaar en vir hierdie jaar R73 000. Wat egter in ag geneem moet word is dat daar in die vorige boekjaar 'n skenking van R73 000 was om die bates oor te plaas na die Trust. Hierdie jaar was daar 'n skenking van R100 000 vir die oorpasing van Romeo 2 na die Trust.

Al die bates is nou oorgeplaas na die Trust. Daar kan nie meer as R100 000 per jaar aan skenkings gedoen word nie want dan is daar geskenke belasting betrokke.

Indien genoemde skenking van R73 000 en die oorplasing van R100 000 vir Romeo 2 aan die Trust buite rekening laat, reflekteer dit 'n oorskot inkomste bo uitgawe van R27 000. Daar is 'n verdere R17 000 se toerusting afgeskryfte waarmee nuwe toerusting aangekoop kan word. Dit bring die totaal van Inkomste bo Uitgawes op ongeveer R44 000 te staan.

JP Botha vra of daar enige vrae is:

'n Vraag vanaf 'n lid, Pieter Oosthuizen, is dat ons afhanklik is van ledegeld inkomste wat net R85 000 beloop, maar terselfertyd word daar R92 700 se uitgawes gelys. Dit maak mos nie sin om meer uit te gee as wat inkom nie. Wat gaan die begroting van hierdie jaar wees? Ons sit op hierdie stadium met 60 lede tekort? Gaan ons nie iewers uit kontant uit hardloop nie? Hy sê dat die finansiëlestate nie goedgekeur kan word as daar nie 'n poging is om geld in te kry nie.

JP Botha antwoord:

Die finansiëlestate (Inkomste & Uitgawes en die Balansstaat) is die geskiedenis van die Vereniging vir 'n afgehandelde boekjaar 2018/2019 die state moet of goedgekeur of afgekeur word. Indien dit afgekeur word moet dit met motivering en redes geskied. Die state kan nie verander word nie.

Die begroting van die nuwe jaar is heeltemal iets anders as die vorige jaar se state. Indien u nie begroting wil goedkeur nie, sal ons na die redes moet kyk. Die begroting wat voorgelê is toon egter 'n oorskot van ongeveer R27 000. JP Botha sê dat hy van mening is dat die syfers vir die voorgestelde begroting heeltemal realisties en haalbaar is. Indien daar op 'n stadium gesien word dat die uitgawes die inkomste gaan oorskrei, kan daar aanpassings op die begroting gedoen word.

Die lid, Pieter Oosthuizen, sê weer dat ons nie weet wat ons inkomste gaan wees vir die huidige boekjaar nie en tans lyk dit nie goed nie, hoe kan die begroting goedgekeur word as ons meer geld uitgee as wat daar geld ingekry is?

Die ouditeur, JP Botha vra dat die finansiëlestate eers afgehandel en goedgekeur word waarna die begroting vir die nuwe boekjaar verder bespreek sal word.

Hy noem weer dat die state wel 'n rekenkundige verlies toon, maar soos reeds genoem is daar eintlik 'n Inkomste bo Uitgawe.

Die Balansstaat is 'n samevatting en "foto" van die Vereniging se bedrywighede tot 31 Maart 2019. Daar verskyn geen bates op die balansstaat nie aangesien die bates nou in die Trust vestig. Indien daar nou 'n eis vir nalatigheid teen die Vereniging sou wees, kan hulle slegs beslag lê op die kontant in die bank wat tans R144 000 beloop. JP Botha wys aan Pieter Oosthuizen uit dat die bankbalans gesond vertoon. Pieter spreek weer sy kommer uit oor die ledetal en lede inkomste tekort wat tans bestaan teenoor die begroting. Daar word "dinge" goedgekeur sonder dat daar behoorlik besin is daaroor. Wat is die uitgawes vir 2019/2020?

Peet Dorfling noem aan Pieter Oosthuizen dat hy sy bekommernis oor die lede inkomste hoor, maar daar was egter elke jaar 'n groei in die ledetal.

Jan-Piet vra dat die vergadering volgens die Agenda geskied en dat enige verdere vrae oor die begroting onder punt 6.2.2 sal geskied.

JP Botha gaan voort om die state van die Vereniging voor te lê en te bespreek met die lede waarna hy vra of daar nog enige vrae is oor die finansiëlestate?

Die finansiëlestate word voorgestel vir aanvaarding deur: Chris Solomon

Die sekondant is: Paul Stigter.

Trust se finansiëlestate:

Die Trust is reeds in 2017 gestig.

Die trustees is op hierdie stadium is: JP Botha as onafhanklike trustee; Peet Dorfling, Andriette Jacobs, Joey Gerber en Eugene van Rensburg.

Die doel van die trustees is om te sorg dat die Trust se bates aangewend word vir die doel waarvoor dit opgetrek is. Die Trust is geregistreer by SARS as 'n nie-winsgewende organisasie en sal ook geregistreer word as 'n Openbare Weldaadsorganisasie en vir Art. 18(A). Die drie persone wat verantwoordelik sal wees en die pyne gaan vat is: Peet Dorfling, Joey Gerber en Eugene van Rensburg.

Die Ouditverslag is 'n skoon verslag en bevestig dat alles in orde is.

Daar word gereflekteer dat daar 'n R86 000 inkomste bo uitgawes was.

Trust is vrygestel van belasting.

'n Bankrekening is reeds by Standard Bank ge-open.

'n Voorstel vir aanvaarding van die Trust se state word word gedoen deur: Wilma Dorfling en word gesekondeer deur: Christien Walters

6.2.2 Goedkeuring van ^{2*}Begroting^{2*} vir 2019/2020

^{2*} Wat is 'n Begroting?

'n **Begroting** is 'n vooruitskatting van 'n onderneming of 'n entiteit se verwagte inkomstes en uitgawes vir 'n spesifieke tydperk in die toekoms. 'n Begroting het beide 'n beplannings- en beheerfunksie. Aktiwiteite met finansiële implikasies moet beplan word en beheer moet deurlopend uitgeoefen word om te verseker dat die werklike aktiwiteite met die beplande aktiwiteite ooreenstem. 'n Begroting is dus 'n formele, geskrewe plan van toekomstige optredes wat die kategorisering van die voorgenome inkomste en uitgawes insluit en hulle aan spesifieke doelwitte koppel. Die doel van begrotings is om werk doeltreffend te help beplan, hulpbronne toe te deel en hulpbronbenutting te help beheer en te monitor.^{2*}

Die uiteensetting van die begrote bedrae, vir die 2019/2020 boekjaar, teenoor die werklike syfers van die pas afgelope boekjaar (2018/2019) word aan die lede vertoon.

Daar word aangedui dat vir die komende boekjaar die Inkomste uit ledegelde R105 000 behoort te wees en die totale uitgawes waarvoor begroot / voorsien word is R83 000. Daar word dus voorsien dat daar 'n R22 000 se inkomste bo uitgawes (wins) behoort te wees.

Indien daar egter te enige tyd twyfel bestaan dat die syfers 'n verlies gaan toon en die Inkomste uit ledegeld die uitgawes gaan oorskrei, sal daar gekyk moet word waar daar besnoei kan word by die uitgawes.

'n Bespreking volg oor die haalbaarheid van die inkomste van R105 000. Peet noem dat indien daar gesien word dat die inkomste tekort gaan skiet, die begroting aangepas sal word deur op die uitgawes te besnoei.

Noreen Schutte maak die **voorstel** dat daar 'n opdrag vanaf die lede gegee word aan die bestuur dat hulle nie meer mag spandeer as wat die inkomste is nie. Daar moet op 'n kwartaalike basis die inkomste bevestig word teenoor die uitgawes.

Peet bevestig dat die voorstel gehoor is en vra of daar enige teenkanting is teen die voorstel?

Geen teenkanting nie.

Jan-Piet Cooks sê dat hy wil 'n ondersteuningsvoorstel maak: In die voorlegging het die ouditeur genoem dat daar ook ander maniere is om inkomste te genereer. Met die voorstelle wat reeds gedoen is deur die ouditeure kan hy nie dink dat daar enigsins 'n probleem met 'n tekort aan inkomste kan ontstaan nie. Peet Dorfling sê dat met die registrasie en ander voorstelle in die pyplyn, kan die inkomste toeneem.

Henri van der Walt wil weet of enige van die staatsinstansies of Bakwena al hulle ledegelde betaal het? Die antwoord is dat hulle nog nie betaal het nie en Tarien Cooks sal dit opvolg.

Livio Heath wou weet waar was die besparing op die begroting? (In ag geneem dat werklike syfers teenoor nuwe begrote uitgawe syfers ongeveer R8 000 besparing is). Die syfers word weer vertoon en bespreek en is hy tevrede.

Peet noem dat die state beskikbaar is vir insae deur die lede en vra of daar nog enige vrae is.

'n Lid wil weet of ons 'n aanduiding kan gee van die lede inkomste waarde wat reeds ontvang is? Die ledegelde wat reeds gevorder is vir die jaar is ongeveer R62 000.

Chris Schutte vra dat ons terugkeer na die voorstel van Noreen Schutte wat op die tafel is? Peet sê dat niemand het teenkanting aangeteken teen die voorstel en dus is die voorstel eenstemmig aanvaar.

Peet vra of almal te vrede is met die begroting en vra vir 'n voorstel vir aanvaarding en goedkeuring:

Jan Piet Cooks stelvoor en die sekondant is Colin Wright.

6.2.3 Betaling van ledegelde en goedkeurings (A4VK)

Daar het alreeds 204 lede betaal.

6.2.3.1 Ledegelde:

Eenmalige adminfooi - R50.00

0-50 ha - R300.00 per jaar

50 ha en meer - R50.00 per 50 ha of gedeelte daarvan per jaar

Joey vra dat daar geen verhoging in die ledegelde is nie.

Voorgestel: Christine Walters

Sekondant: Hendrik Brenkman

6.2.3.2 Goedkeuring vir die voortgesette gebruik van Botha Rekenmeesters word eenparig deur die vergadering aanvaar.

6.2.3.3 Goedkeuring van Trustees:

Geen verandering in die Trustees nie.

Voorstel: Dirk Bezuidenhout

Sekondant: Patrick Gerber

Een van die lede vra of ons weet hoeveel plote in die 68 000 hektaar is?

Jan Piet noem dat met die stigting was daar ongeveer 2 200 eiendomme, maar die grense is intussen uitgebrei.

6.3 Brandhoof: (B1VK)

Die brandhoof kon ongelukkig nie die vergadering bywoon nie a.g.v. werksverpligtinge.

Die statistiek van die brande word deur Tarien Cooks deurgegee:

Gedurende 2015/2016	253 brande
2016/2017	345 brande
2017/2018	348 brande
2018/2019	385 brande

Brande is oor die tydperke vanaf 1 April tot 31 Maart elke jaar.

Daar is dus elke jaar 'n uitdaging te sien met die aantal brande wat voorkom.

Verlede jaar het ons 'n langer brandseisoen gehad a.g.v. die laat reëns. Ons kan dalk hierdie jaar met dieselfde probleem sit.

Die areas wat meer brande gehad het: Honingnestkrans, Bon Accord, Onderstepoort.

Brandseisoen is vanaf 1 Mei tot 31 Oktober elke jaar. Die afsnydatum kan egter verleng word indien weersomstandighede dit noodsaak.

Beserings en lewensverlies:

Twee persone het gebrand, een het herstel maar ander persoon is oorlede.

Opleiding:

Geen opleiding was in die vorige jaar gedoen nie.

^{3*}Voorbrande / Brandstrook:

Voorbrande moet reeds in plek wees. 'n Voorbrand moet minimum van 2.5m wees weerskante van die lyndraad. (Totaal dus minimum van 5m breed). 'n Vereiste vir 'n voorbrand is dat daar redelike voorsiening gemaak moet word om die strook skoon te maak van enige brandbare materiaal.

Gavin Smith vra dat die term voorbrand verder omskryf/identifiseer word aangesien daar verskeie persone in die gemeenskap is wat sê sy gras is kort en dit is dus voldoende.

Peet en Tarien antwoord dat die vereistes nie deur ons voorgeskryf word nie, maar dat die vereistes deur die wet voorgeskryf word.

^{3*} Omskrywing van 'n "brandstrook / voorbrand"

- Die hoofdoel van brandstroke is om toeganklikheid tot die terrein te verseker. Tweedens bied dit 'n plek vanwaar 'n moontlike teenbrand gemaak kan word. Derdens kan dit help om 'n brand te blus en verspreiding te voorkom.
- Ingevolge die bepalings van Wet 101 van 1998 moet elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand kan ontstaan of oor wie se grond dit kan versprei, 'n **brandstrook maak en instandhou** aan sy of haar kant van die grens tussen sy of haar grond en enige aangrensende grond.
- Die **term brandstrook** verwys na 'n **area wat skoongemaak** is van ontvlambare materiaal om te verhoed dat brande van een gebied na 'n ander versprei. Brandstroke hoef nie noodwendig gebrand te word nie, maar kan ook geskraap of met onkruidododer bespuit word.

'n Verdere bespreking volg aangaande gemeenskapslede wat nie aan die BBV behoort nie en die wetlike implikasies en vereistes vir hierdie gemeenskapslede word deur Peet uitgelig.

Brandpermit:

Om te mag brand moet aansoek gedoen word vir 'n brandpermit en die vereistes soos omskryf word in die wet moet nagekom word. Peet lê klem daarop dat die permit goedgekeur kan word, maar dat op die bepaalde datum wat u wil brand, die BGI aandui dat die omstandighede nie gunstig is om te brand nie en dit kanselleer die brandpermit uit. Dit geld vir lede sowel as nie-lede.

6.4 Medies: (B2VK nie beskikbaar – C1 staan in)

Daar moet onthou word dat alle beserings of mediese insidente tydens 'n brand aangemeld moet word aangesien dit deel vorm van die statistiek. Die nodige hulp/noodhulp kan dan ook verleen word tot die ambulans die pasient oorvat om af te voer.

Daar sal gedurende Junie 'n noodhulpkursus aangebied word waar 'n ge-akkrediteerde noodhulpertifikaat uitgereik sal word. Indien u belangstel om die kursus by te woon laat weet asseblief die brandfoon. 'n Minimum van 10 persone word benodig om die kursus te kan aanbied. Indien daar nie 10 persone belangstel nie, gaan die kursus ongelukkig gekanselleer moet word.

6.5 Logistiek: (B3VK)

Toerusting:

Willy Jacobs gee riglyne deur en vra dat enige persoon waar toerusting toegedeel is, seker moet maak dat enige gebreke of skade van die toerusting dadelik direk by Willy Jacobs gerapporteer word.

Lede wat toerusting van die BBV wil gebruik, moet vir rekorddoeleindes die BBV foon skakel sodat daar reëlings getref kan word. Niemand kan net toerusting vat vir gebruik nie. Slegs lede van die BBV het toegang tot toerusting.

Toerusting word strategies in elke gebied geplaas sodat daar maklike toegang tot die toerusting is. Daar is egter beperkte toerusting beskikbaar en indien toerusting by 'n persoon geplaas word vra hy dat die persoon betrokke sal wees en nie die toerusting sal aanwend vir sy eie doel nie.

Log state van die toerusting se gebruik moet voltooi en op datum gehou word.

Uitplasing van toerusting:

Bakkie sakkies en Brandwaentjies:

BBV 1	-	Duikerstraat, Waterval
BBV 2		Waterbokstraat Waterval
BBV 3		Olyfboomstraat Vastfontein
BBV 4		Ribbokstraat Waterval
BBV 5		Bultfonteinpad Vastfontein
BBV 6		Bultfonteinpad Vastfontein
BBV 7		Hotellaan Lusthof
BBV 8		Honingnestkranspad, Honingnestkrans
BBV 9		Brandkarretjie teruggeneem deur Tshwane Stadraad
BBV 10		Brandkarretjie in vir herstel by Tshwane Stadraad
BBV 11		Brandkarretjie is afgeskryf deur Tshwane Stadraad
BBV 12		Brandkarretjie Jakarandastraat Grootvlei
BBV 13		Brandkarretjie Dikbaslaan Grootvlei
BBV 14		Brandkarretjie Ribbokstraat Waterval (bystand karretjie)
BBV 15		Brandkarretjie Haakdoornboom

R2 (Romeo 2):

Die voertuig moet opgepas word. Verskillende drywers sal goedgekeur word in elke area.

R2 gaan nie na elke brand uitgestuur word om 'n brand te gaan monitor nie. In elke area is daar 'n brandhoof wat sal gaan monitor en nodige reëlings tref.

Algemeen:

Willy Jacobs vra dat persone wat bystand gee by brande, die brandopleiding wat aangebied word moet bywoon.

Indien jy tydens 'n brand enigsins onseker voel wat om te doen, wag liever vir 'n opgeleide persoon om jou by te staan.

Pas die toerusting wat gebruik word op en indien jy met jou eie voertuig in die veld in beweeg, maak gebruik van 'n "mede drywer" wat kan waarsku oor gate en klippe in die veld om skade te verhoed.

Hy nooi lede uit wat betrokke wil wees en waar toerusting geplaas kan word, om hulle name deur te gee. Hy vra ook dat die lede wat oor hulle eie toerusting beskik betrokke raak in die bestryding van brande.

Daar is geen vrae vanaf die lede nie.

Peet vra dat alle brande asseblief gerapporteer moet word al word dit met privaat toerusting onder beheer gebring en geblus. Daar is statistieke wat bygehou moet word en moet daar dus geweet word waar en wanneer daar brande in die gebied is

6.6 Kommunikasie: (B4VK)

Radios:

Henri van der Walt noem dat kommunikasie geskied deur gebruik te maak van die 67 MHz handradio's en basis stasies. Daar is radio's beskikbaar by sy kontaknommer. Daar is so 187 radiostasies tans wat beskikbaar is. Net 63 van hierdie stasies is egter aktief. 11 stasies is tans oop en word nie gebruik nie. Indien daar wel lede is wat oor 'n radio en 'n roepsein beskik maar nie hulle ledegedelde op datum betaal het nie en die stasie word benodig vir 'n persoon wat wel opbetaald is, kan die roepsein na die opbetaalde persoon geallokeer word.

Daar is ook deur bestuur voorsiening gemaak vir huurders wat op 'n betaalde lid se eiendom woon, dat daar ook 'n radio stasie aan hulle toegeken kan word. Hierdie besluit was op 'n vorige jaarvergadering goedgekeur.

WhatsApp-groep:

Daar is ook 'n WhatsApp-groep wat uit 'n ledetal van ongeveer 250 bestaan. Slegs bestuur kan egter plasings en kommentaar op die groep plaas om die nodige inligting deur te gee aan die lede. Daar was wel al gevra dat die groep oopgemaak word vir alle lede se kommentaar maar na deeglike oorweging is die versoek nie toegestaan nie.

Indien 'n persoon 'n plasing wil doen op die groep is u welkom om dit na enige bestuurslid te stuur en indien dit betrekking het op die BBV sal dit geplaas word.

Noodfoon:

Daar is ook 'n noodfoon met nommer 084 952 2882.

Webtuiste:

Die nuwe webtuiste se afronding moet nog gedoen word.

Die inhoud van die webblad sal bestaan uit:

Doel van die BBV;

Waarom is die BBV gestig;

Noodnommers;

Wetgewing;

Daar sal dokumentasie soos die Grondwet, vorige notules van die jaarvergaderings, statistieke, aansluitingvorm en inligting brosjure, aansoek vir brandpermitte en die BGI (Brandgevaar indeks) op die webblad beskikbaar wees;

Foto's en videos sal ook geplaas word. Neem dus foto's van die brande waarna u gereageer het indien enigsins moontlik;

Die webblad sal in Afrikaans en Engels wees.

Hy versoek dat wanneer die webwerf voltooi en aktief is die lede die webwerf moet besoek sodat wanneer aansoek gedoen word vir die Art 18(a) sertifikaat, dit as "lewendig" gesien kan word.

Facebook:

Daar is ook 'n facebook blad. Gaan besoek gerus die bladsy en "Like en Share" met jou vriende.

Vrae:

Ernest Snyman wil weet of daar net van "MaNets" tweerigtingradios vir die area gebruik word? Henri antwoord dat daar ander radios in die groter area gebruik word maar dat die BBV net gebruik maak van 67 MHz radios.

Peet noem dat oor die afgelope tyd het daar heelwat nuwe radio stasies in gebruik geneem is, daar is 'n skenking ontvang het wat op daardie frekwensies ingestel kan word. Die radio sal in R2 geïnstalleer word sodat indien daar in 'n area 'n brand moet bestry kan daar op die area se frekwensie ingeskakel word om direkte kontak met die area te verkry.

Die 67 MHz frekwensie is landswyd en daarom sal die BBV die frekwensie in stand hou en wil ook vra dat die lede ook hulle 67 MHz radio sal instand hou. R2 sal m.a.w. oor twee radios beskik om kommunikasie te bewerkstellig wanneer daar in ander areas inbeweeg word.

Jan-Piet verduidelik dat die 67 MHz stelsel om veiligheidsredes 'n beter keuse vir 'n radio is aangesien daar oor 'n wyer area gepraat gaan word en aangesien die "skelms" die UHF radios en selfone se seine makliker van afblok. Daar sal egter 'n meer gesofistikeerde seinblokker gebruik moet word om dit met die 67 MHz reg te kry. Hy noem ook van die gesamentlike beheerkamer wat beplan word vir die groter area in Vastfontein en bevestig dat daar ook 'n 67 MHz sisteem daar geplaas sal word.

Geen verdere vrae nie.

7. Nuwe Sake:

7.1 Hersiening van die besigheidsplan:

Tarien Cooks deel almal teenwoordig mee dat dit nodig geword het om die Brandvereniging se besigheidsplan te hersien. Die konsep besigheidsplan is voorberei (ongeveer 16 bladsye) en daar sal kortliks aangedui word waaruit die plan bestaan en waar opdaterings en veranderings aangebring is. Die plan moet in Engels ingedien word by DAFF wat dit op rekord by hulle plaas.

Tarien gaan voort om die onderskeie afdelings waaruit die besigheidsplan bestaan voor te lees, sy gee verdere uitlegte en bespreek die afdelings.

Die afgelope 6 jaar se statistiek maak ook deel uit van die konsep besigheidsplan as 'n aanhangsel.

Wetgewing wat van toepassing is op die besigheidsplan: die Brandwetgewing, verordeninge van die stadsraad, Rampbestuurs Wet..

Tarien vra of die besigheidsplan goedgekeur kan word.

Ralph Morris stel voor dat die besigheidsplan op hierdie vergadering goedgekeur word maar ook dat die plan beskikbaar gestel word vir al die lede se insae.

Voorgestel deur: Ralph Morris

Gesekondeer deur: Henri van der Walt

Daar word 'n voorstel gedoen en gevra vir 'n rusperiode van 10 minute inaggenome dat die vergadering al amper 2 ure besig is. Die versoek word toegestaan.

7.2 Wykshoofde opsommende veldbrand bestuursplan vir 2019/2020 seisoen

Tarien word weer aan die woord gestel. Sy noem dat veldbrande geweldig toegeneem het en dat daar 'n behoefte ontstaan het om meer wyksbeplanning te moet doen. Daar is wykshoofde in elke area aangestel om die organisering in 'n spesifieke area te doen:

Waterval en 'n gedeelte van Bon Accord:
Grootvlei-Oos
Vastfontein

Bultfontein
Lusthof, Kromdraai en Inderminne
Honingnestkrans
Haakdoringboom

Corne Gough
Philip Nel
Deon Venter in samewerking met Jaco Brits en
Patrick Gerber
Barries Botha
Christo Ayers saam met Marius Kruger
Ian Botha
Nog nie aangewys nie

Ledekaartjies sal in die toekoms aan die wykshoofde oorhandig word en moet die lid met die wykshoof reël om die BBV ledekaartjie te gaan afhaal. Dis makliker vir die lid om na die wykshoof te ry as wat dit vir die wykshoof is om na 20 of 30 persone te ry. Per pos kan ons dit nie uitstuur nie want die posstelsel is nie meer betroubaar nie.

Chris Schutte wil weet of die lede kaartjies nie per e-pos uitgestuur kan word sodat elke lid sy eie kaartjie druk nie? Joey antwoord dat sy wel verlede jaar die kaartjies geskandeer het en aan die lede ge-epos het. Dit het goed gewerk. Haar skandeerder het egter probleme gehad maar is die intussen herstel en kan sy nou weer die kaartjies skandeer en e-pos.

Tarien gaan voort deur te sê om 'n brandplan daar te stel is regtig 'n baie groot werk. Sy bedank die wykshoofde vir die werk wat hulle al gedoen het. Sonder hulle insette kan dit nie gedoen word nie.

Daar gaan op die "Insident Command System" gewerk word. Kenmerke van die stelsel is dat dit internasionaal gebruik word en word die stelsel aangepas vir ons behoeftes. Tshwane brandweer werk op hierdie stelsel en daarom is dit maklik om met hulle te kommunikeer aangesien dieselfde terme gebruik word. Die stelsel is aanpasbaar, dit gee riglyne en 'n struktuur. Die stelsel is veeldoelig en kan vir rampe gebruik word en is geskik vir beplande optrede, operasies en enige byeenkomste.

Die stelsel maak voorsiening vir fasiliteite, toerusting, personeel, prosedures en optredes wat nodig is vir elke voorval.

Die vereistes om die stelsel te implementeer is:

Toewyding:

- Gereelde oefeninge moet gedoen word
- Belangrike inligting en noodnommers moet op datum gehou word.
- Gaan jou gebeurlikheids planne gereeld na.
- Het jy 'n plan as daar 'n brand uitbreek?
- Waar is die blus toerusting?

Volharding:

Enige iets wat mens aanpak moet mens in volhard en om in die gemeenskap te werk is nie maklik nie, as jy daar is vir jou eie ego, vergeet daarvan. Baie dankie aan elkeen wat elke dag in die gemeenskap werk.

Sin vir verantwoordelikheid:

Indien jy nie reg aangetrek is nie of jy is nou al baie lank besig om 'n vuur te bestry en jy begin foute maak, moet jy die verantwoordelikhede sin hê om af te staan en aan iemand anders te oorhandig.

Professionalisme:

Tydens 'n brand kan daar mense terreggewys of weggewys word van die brand weens nie korrekte kleredrag of omdat hulle nie die korrekte prosedures volg om 'n brand te bestry nie. Moet nie geaffronteerd voel indien daar vir jou 'n opdrag gegee word op 'n brand nie.

Tarien vertoon 'n kaart van die hele gebied wat onder die Apiesrivier Landelike BBV val.

Op die kaart is die lede "geplot". Die uitdagings is Bon Accord met slegs 2 lede, Onderstepoort met slegs 2 lede, Honingnestkrans het 9 lede en Haakdoringboom met slegs 1 lid.

Chris Schutte wil weet wat die situasie is met Grootvlei Wes, dit is 'n gebied op sy eie. Tarien dui die area aan op die kaart. Sy noem dat die ledetal baie min is maar die brande is hoog. Daar is nog nie 'n persoon geïdentifiseer vir 'n wykshoof nie. Indien enige iemand bereid is of weet van 'n persoon wat genader kan word, kontak haar asseblief.

Daar word beplan om hierdie jaar 'n versamel punt te implementeer waar almal moet aanmeld en gekoördineer sal word tydens brande. Almal sal vanaf hierdie punt uitgestuur word na waar hulle benodig word.

Tarien vra of daar enige op- of aanmerkings is oor die wykshoofde wat aangewys is.

Geen byvoegings of weglatings word voorgestel nie.

7.3 Skrywe vanaf Tshwane:

Daar was 'n skrywe vanaf DAFF (Department of Agriculture, Forestry and Fisheries) ontvang.

In die skrywe word genoem dat die nuwe hoof van Nooddienste wat aangestel is by Tshwane, Mnr Pravin Govender, in 'n skrywe aan DAFF voorgestel het dat die 7 (sewe) Brandverenigings in die Pretoria area ontbind of afgeskaf moet word.

Ter inligting: Tshwane het verledejaar 215 brande hanteer. Hulle wil "Business Management Units" implementeer in die plek van Brandverenigings.

Die Brandverenigings is egter nie ten gunste van hierdie voorstel nie en Tarien het aan mnr. Govender genoem dat daar eers 'n waardering sal moet geskied voordat die Brandverenigings ontbind kan word. Verder is die stadsraad ook lid van die Brandvereniging en dan maak die wet ook nie voorsiening daarvoor nie.

Die lede sal op hoogte gehou word van enige nuwe verwickelinge wat mag gebeur.

Noreen Schutte verduidelik dat dit goed is dat die BBV se toerusting in 'n Trust gehou word. Dit sal dit makliker maak vir die BBV om te privaatiseer en dan na ons eie belange om te sien. Dit is dus baie belangrik hoe ons dit hanteer en dat ons nie ons inkomste oorskrei nie en nie afbreek aan dit wat ons het nie, aangesien ons nie weet waar ons staan in die groter prentjie wat die regering daar skep nie.

Chris Schutte se opinie is dat hy dink mnr Govender is bietjie uit lyn uit. In die wet van 1998 word daar voorsiening gemaak dat die BBV 'n outonome organisasie is en indien hy dit wil verander sal wetgewing eers verander moet word. 'n Nuwe witskrif en groenskrif en deur die parlement goedgekeur word.

'n Lewendige bespreking volg tussen die lede.

Tarien noem ook dat al die lede van die Brandvereniging moet toestemming gee vir die ontbinding van die Brandvereniging.

Dit word genotuleer dat Chris Schutte voorgestel het dat die Apiesrivier Brandvereniging 'n outonome Vereniging wil bly en dat die lede geen toestemming gee vir die ontbinding van die Vereniging om oor te skakel na enige ander planne wat mnr. Govender van Tshwane beplan nie.

Die voorstel deur Chris word gesekondeer en algemeen aanvaar.

7.4 GUFPA terugvoer:

Tarien vra of sy kan voortgaan met terugvoering oor GUFPA (Gauteng Umbrella Fire Protection Association) se vergadering.

Peet vra dat sy voortgaan.

Tarien meld dat sy en Joey twee Saterdag terug by 'n jaar vergadering van GUFPA was en noem dat Apiesrivier Landelike Brandvereniging NIE by hulle geaffilieer nie. Ons is nie deel van hulle nie.

Sy gaan voort om te sê dat Andre van Heerden die voorsitter is. Hy is van Cullinan BBV.

GUFPA is blykbaar geregistreer as 'n NPC. Daar is egter vir die afgelope drie jaar geen finansiëlestate ingedien vir hierdie nie winsgewende organisasie nie. Daar is direkteure aangewys op die vergadering.

Hulle het ook met die staatsdepartement onderhandel en gesê dat hulle gaan fondse vanaf ESKOM en Transnet vra waarna die fondse dan versprei sal word na die BBV's toe.

Wat egter sal moet gebeur is dat hulle hulle grondwet sal moet wysig, want die grondwet sê tans dat die fondse gebruik sal word om toerusting aan te koop en die toerusting sal dan te versprei word aan die BBV's.

Peet vra of ons, terwyl ons as Apiesrivier BBV nie deel is van die "umbrella" nie, ons nog steeds die vooruitsig het om fondse vanaf hulle te ontvang? Tarien se antwoord is: "Ja, want die staatsinstellings moet deel wees van die Brandvereniging" 'n Standaard tarief sal gehê word.

Daar sal ook 'n "toep" beskikbaar gestel word waarmee brande aangemeld kan word. Die voordeel is dat dit rekordhouding sal vergemaklik.

Working on Fire:

Daar is baie kontroversie rondom hulle.

DAFF:

Daar is gevra vir nuwe bemerking items om mense in kennis te stel om nie te brand nie. DAFF sal daarna kyk. Hulle vra dat alle brande aangemeld word vir statistiek doeleindes. (Fire Incident Data Manager)

Versekering:

Twee versekeringsmaatskappye, SANTAM en Hollard, het aangedui dat wanneer jy by 'n Brandvereniging lid is kan jy 10% afslag kry op jou bybetaling.

Tarien noem dat dit 'n goeie vergadering was en dat die notule beskikbaar gestel sal word en aan ons gestuur sal word. Sy noem ook dat Tshwane geen verteenwoordiging by die vergadering gehad het nie.

Algemene vrae en kommentaar:

Sy wil met trots sê dat ons Brandvereniging styg bo die ander Brandverenigings uit. Die brandweer van Wes-Rand en van die ander Brandverenigings het by Tarien navraag gedoen oor die werking van ons brandpermit. Dit is aan hulle verduidelik hoe die brandpermit werk.

Eugene vra of daar enige aanduiding deur GUFPA gegee was op die vergadering dat daar al enige befondsing verkry was vanaf Tshwane of van die staatsinstellings? Tarien antwoord dat geen aanduiding gegee was nie. Wat wel gemeld was is dat hulle 10% van die fondse wil terughou vir administratiewe kostes.

Eugene wil weet of daar enige norm bespreek was of deurgegee is ten opsigte van die staatsinstansies? Is dit vasgemaak met die instansies? Tarien antwoord weer dat daar geen norm deurgegee is nie.

Die rede vir sy vraag is aangesien Tshwane 'n lid van ons is, maar glad nie ledegelde aan ons oorbetaal nie, aangesien hulle aan ons lede 'n gratis diens lewer. Tarien vermeld dat ons 'n navraag aan GUFPA kan deurstuur t.o.v. die ledegelde. Sy voorsien egter 'n probleem aangesien hulle finansiëlestatenies in plek is nie en verder sukkel hulle nog om die persone wat op die NPC dien uit te sorteer.

Die stelling word gemaak dat die omswaaiing / terugneem van die toerusting deur Tshwane en die afskryf daarvan, is 'n direkte omdraai is van wat belowe is aan ons in 2005 toe die BBV gestig was. Die reeling was dat die toerusting na afskrywing terug sal kom na die BBV.

Peet voeg by dat die twee bakkies vanaf Tshwane was deur die BBV self gediens en onderhou. Die bakkies was in goeie werkende toestand gewees toe die voertuie afgeskryf is deur Tshwane.

'n Voorstel dat ons 'n lening by Tshwane aangaan vir aankoop van toerusting, waar die toerusting ons eiendom sal word, word geopper. Eugene antwoord dat hierdie gesprek wel al met Tshwane gevoer was en dat daar dood eenvoudig net gesê is daar is nie geld in die begroting beskikbaar nie.

Tarien sê die begroting vir Wonderboom is slegs R5 miljoen en hierdie bedrag sluit die Brandverenigings in. die bedrag is heeltemal ontoereikend.

Pretoria-Noord:

Daar het 'n versoek vanaf DAFF gekom dat Pretoria-Noord area ook ingelyf word deur Apies BBV aangesien hulle nie nog Brandverenigings in die area wil stig nie.

7.5 Sinoville BBV:

Eugene J v Rensburg het met Pieter Oosthuizen buite die vergadering gesels oor die area in verband met die samewerkingsooreenkoms met Sinoville BBV. Mnr JP Botha van Sinoville BBV is ook teenwoordig by die vergadering. Eugene J v Rensburg lig die vergadering in dat daar 'n samewerkingsooreenkoms tussen Apiesrivier BBV en Sinoville BBV opgestel is en hy kan die vergadering die versekering gee dat die nodige vrywarings, kwytskeldings en beskerming vir beide instansies daarin vervat is. Die idee is dat dit meer 'n affiliasie is en die twee vereniging saamwerk toerusting wedersyds beskikbaar gestel kan word. Daar was 'n verwarring gewees dat Sinoville deelvorm van Apiesrivier en 'n gedeelte van Apies hanteer, maar is daar 'n ooreenkoms dat Sinoville die gedeelte naby die Magaliesberg sal hanteer. Eugene J v Rensburg nooi die lede uit om met hom te gesels indien hulle vrae het met betrekking tot die ooreenkoms, maar daar is 'n sinergie wat goed werk.

Sinoville BBV is gestig om na onself te kan omsien. Daar was op 'n stadium waar Wonderboom Brandweer-stasie vir 3 maande gesluit was. Die SBBV het meer ongelukke en struktuurbrande in hulle area maar is wel ingerig om struktuurbrande en motorongelukke te hanteer. Tans werk SBBV uitstekend saam met Apiesrivier BBV, maar daar is ander area's waar daar verlede jaar baie chaos was. Die SBBV het besluit om nie weer in die area's in te gaan nie tensy die eienaar vra vir hulp. Die SBBV het drie gekwalifiseerde brandweermanne, gekwalifiseerde persone in touwerk en motorongelukke. Ons van SBBV vra dat ons moet saamwerk wat ons het mekaar nodig.

7.6 Verkiesing van Uitvoerende Komitee

Peet sê dat daar geskenkbewyse is vir Pieter Oosthuizen om dankie te sê vir die diens wat hy gelewer het toe hy verbonde was aan die bestuur. Mnr Oosthuizen is nie meer by die vergadering nie, Peet sal dit dan later aan hom oorhandig. Die ander geskenkbewyse is dan vir Xante Jacobs en Andriette Jacobs wat op hierdie stadium die sekretaresse is. Peet bedank haar vir die werk en tyd wat sy vir die BBV in gesit by haar eie besigheid wat sy bedryf, en Andriette is nie verder beskikbaar om op die bestuur te dien nie.

Andriette bedank almal vir die geskenkbewys en sê dat dit 'n goeie drie jaar was en het baie mense leer ken in die proses.

Nominasievorms vir die bestuur is uitgestuur en baie min voltooide nominasievorms is ontvang. Al die nominasies is vooraf met die genomineerde persoon bespreek en ook die omvang van die taak en die genomineerde het die nominasie vorm geteken wat aandui hy is beskikbaar vir die posisie.

Voorsitter:

Peet Dorfling deel die vergadering mee dat hy nie verder as Voorsitter beskikbaar is nie.

Nominasie is ontvang vir Voorsitter: Jan-Piet Cooks

Voorstel: Chris Schutte

Sekondant: Eenparig deur die vergadering.

Nominasie is ontvang vir Onder voorsitter: Jaco Brits

Voorstel: Hendrik Brenkman

Sekondant: Henri van der Walt

Nominasie is ontvang vir Sekretaresse: Colleen Gerber

Voorstel: Hendrik Brenkman

Sekondant: Chris Schutte

Nominasie is ontvang vir Tesourier : Ernest Snyman en Joey Gerber beide verlaat die vertrek vir die stemming wat gaan plaasvind.

Ernest Snyman 2 x stemme

Joey Gerber 36 x stemme

Joey Gerber word aangewys as die Tesourier.

Nominasie is ontvang Addisionele lid: Ernest Snyman en Peet Dorfling, beide persone verlaat die vergadering en Jan-Piet Cooks neem die verkiesing waar.

Ernest Snyman 11 x stemme

Peet Dorfling 15 x stemme

Peet Dorfling word aangewys as addisionele lid.

8. Volgende vergadering:

Die lede sal in kennis gestel word van die volgende vergadering wat ook moontlik in Mei 2020 sal plaasvind.

9. Afsluiting:

Peet Dorfling bedank ieder en elk vir die bywoning van die vergadering en die goeie gees waarin die veradering plaasgevind het. Hy sê verder dat die lede kan trots wees op Apiesrivier BBV en die Bestuur. Hy moedig almal aan om betrokke te raak in die area en jou buurman ook betrokke te kry.

Addendum tot Notule:

Omskrywings:

Die omskrywings is tot die notule gevoeg vir maklike verwysing:

1* **“Finansiële staat”**

'n Finansiële staat word gebruik om die finansiële stand sowel as die finansiële prestasie van 'n entiteit te openbaar. Finansiële state word tipies jaarliks deur besighede opgestel en bestaan normaalweg uit 'n reeks aparte state tesame met notas daartoe.

2* **“Begroting”**

'n Begroting is 'n vooruitskatting van 'n onderneming of 'n entiteit se verwagte inkomstes en uitgawes vir 'n spesifieke tydperk in die toekoms. 'n Begroting het beide 'n beplannings- en beheerfunksie. Aktiwiteite met finansiële implikasies moet beplan word en beheer moet deurlopend uitgeoefen word om te verseker dat die werklike aktiwiteite met die beplande aktiwiteite ooreenstem, of beter resultate lewer as wat beplan is. 'n Begroting is dus 'n formele, geskrewe plan van toekomstige optredes wat die kategorisering van die voorgenome inkomste en uitgawes insluit en hulle aan spesifieke doelwitte koppel. Die doel van begrotings is om werk doeltreffend te help beplan, hulpbronne toe te deel en hulpbronnenuitwerking te help beheer en te monitor.

3* **“Brandstrook / voorbrand”**

- Ingevolge die bepalings van Wet 101 van 1998 moet elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand kan ontstaan of oor wie se grond dit kan versprei, 'n brandstrook maak en instandhou aan sy of haar kant van die grens tussen sy of haar grond en enige aangrensende grond.
- Die hoofdoel van brandstroke is om toeganklikheid tot die terrein te verseker. Tweedens bied dit 'n plek vanwaar 'n moontlike teenbrand gemaak kan word. Derdens kan dit help om 'n brand te blus en verspreiding te voorkom.
- Die term brandstrook verwys na 'n area wat skoongemaak is van ontvlambare materiaal, om te verhoed dat brande van een gebied na 'n ander versprei. Brandstroke hoef nie noodwendig gebrand te word nie, maar kan ook geskraap of met onkruidodder bespuit word.

Goedkeurings:

1. Notule van AJV gehou op 19 Mei 2018:
Voorgestel vir aanvaarding: Colleen Gerber
Sekondant: Johny Doubell
2. Finansiëlestate van Vereniging vir 2018/2019:
Voorgestel vir aanvaarding: Chris Solomon
Sekondant: Paul Stigter
3. Trust se finansiëlestate vir 2018/2019:
Voorgestel vir aanvaarding: Wilma Dorfling
Sekondant: Christine Walters
4. Begroting vir boekjaar 2019/2020:
Voorgestel vir aanvaarding: Jan-Piet Cooks
Sekondant: Colin Wright
5. Ledegelde:
Geen verhoging in ledegelde nie.
Word vasgestel as:
Eenmalige adminfooi - R50.00
0-50 ha - R300.00 per jaar
50 ha en meer - R50.00 per 50 ha of gedeelte daarvan per jaar
Voorgestel: Christine Walters
Sekondant: Hendrik Brenkman
6. Goedkeuring vir die voortgesette gebruik van Botha Rekenmeesters:
Voorgestel deur: Eenparig
Sekondant: Eenparig
7. Goedkeuring van Trustees:
Geen verandering in die Trustees nie.
Voorgestel deur: Dirk Bezuidenhout
Sekondant: Patrick Gerber
8. Goedkeuring van Besigheidsplan:

Besluite en opdragte:

1. Noreen Schutte maak die voorstel dat daar 'n **opdrag** vanaf die lede gegee word aan die bestuur dat hulle nie meer mag spandeer as wat die inkomste is nie. Daar moet op 'n kwartaalike basis die inkomste bevestig word teenoor die uitgawes.

Die voorsitter, Peet Dorfling, bevestig dat die voorstel gehoor is en vra of daar enige teenkanting is teen die voorstel? Daar is geen teenkanting nie en word die voorstel/opdrag eenparig aanvaar.

2. Dit word genotuleer dat Chris voorgestel het dat die Apiesrivier Brandvereniging 'n outonome Vereniging wil bly en dat die lede geen toestemming gee vir die ontbinding van die Vereniging om oor te skakel na enige ander planne wat mnr. Govender van Tshwane beplan nie. Die voorstel deur Chris Schutte word gesekondeer en algemeen aanvaar.